# INLIGTINGSKRYWE RAKENDE DROGINGSKOSTE: GRAIN HANDLERS SILO KROONSTAD 2026/2027

Grain Handlers Silo het drogingsfasilteite beskikbaar en is bereid om mielies in te neem met ’n vogpersentasie tot ’n maksimum van 18% onderhewig aan die volgende voorwaardes:

Mielies met ’n vogpersentasie tussen 12.5% en 18% sal per standaardformule op vogpersentasie met ‘n aftrekking teen bruto massa aangepas word na 12.5%.

1. Die drogingsaanbod vir graanlewerings is onderhewig aan droogoond- en stoorkapasiteit.
2. Daar sal net ’n beperkte hoeveelheid nat mielies ingeneem word vir droging en klante word versoek om vooraf met die silobestuurder kontak te maak om beskikbaarheid te bevestig en te bespreek.
3. Graan wat ontvang en gedroog word, se beskikbaarheid om met die band oor te trek sal afhang van die vogpersentasie soos ontvang en die drogingstempo, maw graan sal eers beskikbaar wees nadat dit gedroog is.
4. Graan wat ontvang en gedroog word, is nie beskikbaar vir verhandeling binne 30 dae vanaf inname nie.
5. Die aanbod vir droging sal slegs van toepassing wees op WM1.
6. Drogingskostes sal aan die folio-eienaar verreken word.
7. Normale hantering- en bergingstariewe van die betrokke silo sal op bogenoemde van toepassing wees.
8. Die volgende drogingskostetariewe is van toepassing vir die seisoen van 1 April 2026 tot 30 April 2027**:**

| **Vogpersentasie** | **Drogingskoste in R/Ton** |
|---|---|
| 12.5% - 14% | NVT |
| 14.1% - 15% | GRATIS |
| 15.1 % - 16% | R 95 |
| 16.1% - 17% | R 150 |
| 17.1% - 18% (maks) | R 270 |

Bestuur behou die reg voor om bogenoemde voorwaardes en tariewe te enige tyd te wysig soos wat operasionele omstandighede dit noodsaak. Die silobestuurder sal dit deurlopend monitor en hy of die bemarker kan gekontak word vir verdere inligting.
Enige navrae kan gerig word aan silo.admin@nexgro.co.za .

Die uwe

**GRAIN HANDLERS EIENDOMS BEPERK**
Per:// WIMPIE BOUWER
HOOF: GRAANBESTUUR